basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V3

## MEI/JUNIE 2025

**PUNTE: 80**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (40) |
| AFDELING B: | Lang transaksionele teks | (20) |
| AFDELING C: | Kort transaksionele teks | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. BEPLANNING, REDIGERING EN PROEFLEES:

   - Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees.
   - Gebruik vir jou beplanning byvoorbeeld 'n kopkaart, vloeidiagram, sleutelwoorde.
   - Doen beplanning elke keer VOORDAT jy die finale produk skryf.
   - Dui die beplanning duidelik aan.
   - TREK 'N STREEP DEUR DIE BEPLANNING NADAT JY DIE FINALE PRODUK GESKRYF HET.

6. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 75 minute |
| AFDELING B: | 38 minute |
| AFDELING C: | 37 minute |

7. Nommer elke skryfstuk korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

8. Skryf die vraagnommer en die titel neer.

9. Skryf jou eie titel neer as jy oor 'n prent (VRAAG 1.5, 1.6, 1.7 of 1.8) skryf.

10. Moenie die titel bytel wanneer jy die aantal woorde tel nie.

11. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: OPSTEL**

Skryf 'n opstel van 200–250 woorde oor EEN van die onderwerpe in VRAAG 1.1 tot 1.8. Skryf die vraagnommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

By VRAAG 1.5, 1.6, 1.7 en 1.8 moet jy jou eie titel gee.

**VRAAG 1**

1.1 **DIT WAS 'N LEKKER VAKANSIE!**

Jy het 'n baie lekker vakansie geniet.

Skryf 'n **opstel** en vertel van jou lekker vakansie.

Dink aan die volgende:

- Wanneer was hierdie vakansie?
- Waar was jy met vakansie?
- Wat het jy alles gedoen?
- Waarom was hierdie vakansie so lekker? **[40]**

1.2 **GELUKKIG WAS DAAR IEMAND OM MY TE HELP**

Jy was eendag in 'n moeilike situasie *(difficult situation)*. Gelukkig was daar iemand wat jou gehelp het.

Skryf 'n **opstel** en vertel hoe hierdie persoon jou gehelp het.

Dink aan die volgende:

- In watter moeilike situasie was jy?
- Wie het jou gehelp?
- Hoe het hierdie persoon jou gehelp?
- Hoe het jy gevoel nadat hierdie persoon jou gehelp het? **[40]**

1.3 **DIT IS DIE KLERE WAARVAN EK HOU**

Jy hou daarvan om sekere klere *(clothes)* aan te trek.

Skryf 'n **opstel** en vertel van watter klere jy hou.

Dink aan die volgende:

- Van watter klere hou jy?
- Hoe lyk hierdie klere?
- Waarom hou jy van hierdie klere?
- Wat sê jou klere van jou as mens? **[40]**

1.4 **EK WENS ...**

Ons almal het wense *(wishes)*.

Skryf 'n **opstel** en vertel van die dinge wat jy wens.


Dink aan die volgende:

- Watter wens(e) het jy?
- Waarom wens jy hierdie ding(e)?
- Dink jy jou wens(e) kan waar word?
- Hoe sal jy voel as jou wens(e) waar word? **[40]**

Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n opstel oor 'n onderwerp waaraan jy kan dink. Skryf die vraagnommer (1.5, 1.6, 1.7 OF 1.8) en gee jou opstel 'n geskikte titel.

**LET WEL:** Jou opstel moet met die prent verband hou.

1.5



[Bron: freepic.com] **[40]**

1.6




[Bron: com.ft.imagepublish] **[40]**

1.7



[Bron: clipart] **[40]**

1.8



[Bron: clipartLibrary.com]

**[40]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

Skryf 80–100 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die vraagnommer en die teks wat jy kies, boaan.

## VRAAG 2

### 2.1 VRIENDSKAPLIKE BRIEF

Julle bure *(neighbours)* doen baie dinge wat verkeerd is. Dit maak almal kwaad.

Skryf 'n **vriendskaplike brief** aan jou beste maat wat op 'n ander plek bly. Vertel vir jou maat van hierdie bure.

Dink aan die volgende:

- Wie is julle bure?
- Wat doen hulle wat verkeerd is?
- Hoe probeer jy om dinge beter te maak? **[20]**

### 2.2 FORMELE BRIEF: VERSOEK

Jy speel graag sokker. Jy wil by die dorp se sokkerklub aansluit. Jy het besluit om 'n brief aan die bestuurder van die klub te skryf om inligting oor die klub te kry EN wat jy moet doen om aan te sluit.

Skryf 'n **formele brief** aan die bestuurder van die sokkerklub en vra die nodige inligting om te kan aansluit.

Gebruik die volgende adres:

Die Bestuurder
Pholo Sokkerklub
Posbus 20
Wilgerspruit
0005

Dink aan die volgende:

- Waarom wil jy by die sokkerklub aansluit?
- Wat is die reëls en hoeveel kos dit?
- Wat moet jy doen om aan te sluit? **[20]**

2.3 **VERSLAG**

Julle skool is hierdie jaar 100 jaar oud. Die onderwysers het 'n familiedag *(family day)* gereël om dit te vier *(to celebrate).*

Die skoolhoof het vir jou gevra om 'n verslag te skryf oor die familiedag wat jy bygewoon het.

Skryf die **verslag**.

Dink aan die volgende:

- Waar en wanneer was die familiedag?
- Wat het julle alles op hierdie familiedag gedoen?
- Waarom was dit iets goeds wat die skool gedoen het? **[20]**

2.4 **TOESPRAAK**

Jou maat het 'n beurs *(bursary)* gekry om oorsee *(overseas)* te gaan studeer. Julle gaan vir hom/haar 'n afskeidspartytjie hou. Jy moet 'n toespraak lewer om afskeid te neem van die maat EN om hom/haar sukses toe te wens.

Skryf die **toespraak** wat jy by die partytjie sal lewer.

Dink aan die volgende:

- Waarom neem julle afskeid van die maat?
- Hoe voel jy daaroor dat die maat weggaan?
- Wat is jou goeie wense vir jou maat se toekoms? **[20]**

**TOTAAL AFDELING B: 20**

## AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

Skryf 60–80 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die vraagnommer en die teks wat jy kies, boaan.

### VRAAG 3

3.1 **ADVERTENSIE**

Jy kry goeie punte in Afrikaans. Jy wil graag ekstra klasse *(extra classes)* gee om leerders te help wat sukkel met Afrikaans.

Skryf 'n **advertensie** om jou ekstra klasse te adverteer.

Dink aan die volgende:

- Waar gaan jy die ekstra klasse gee?
- Wat gaan jy alles vir die leerders leer en hoeveel kos dit?
- Wat is jou kontakbesonderhede en wanneer kan hulle jou kontak?

**LET WEL:** Punte word vir inhoud toegeken, NIE vir versiering NIE. **[20]**

3.2 **DAGBOEKINSKRYWINGS**

Julle gesin *(family)* trek na 'n ander dorp toe.

Skryf in jou **dagboek**. Jy moet TWEE inskrywings maak oor hoe jy gevoel het:

- Die aand **vóórdat** julle na die ander dorp toe getrek het
- Die aand **nádat** julle na die ander dorp toe getrek het **[20]**

3.3 **RIGTINGAANWYSINGS**

Jou boetie gaan na 'n nuwe skool toe. Verduidelik vir jou boetie hoe om van die taxi-staanplek af tot by die skool te stap.


Volg die pyltjies op die roetekaart op bladsy 10.

Gebruik straatname, bakens en woorde wat rigting aandui.

Skryf die **rigtingaanwysings** puntsgewys en in volsinne neer.

Begin só:

1. Wanneer jy uit die taxi klim, draai links in Boomstraat.
2. ...
3. ...




**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 80**